

14 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 1:1-31

Fokusgedeelte: Genesis 1:2

Die Heilige Gees gee lewe te midde van verwoesting en leegheid

Toe die Gees van God oor die aarde gesweef het toe dit nog woest en leeg was, het Hy gewag vir die Vader om die woord te spreek, ses van hulle, en in ses dae is die hemel en die aarde geskape. Sodoende het die Here lewe uit niks gegee, selfs aan ons as die kroon van die skepping.

Hierdie lewe het met die sondeval in gedrang gekom, want daardeur het die dood vir ons as mens ingetree. Dit het 'n daad van liefde gekos deurdat God sy Seun moes stuur om weer lewe te gee aan hulle wat Hy uitverkies het om heilig en onberispelik voor Hom te wees.

Dit is egter een en dieselfde Gees van God wat daar is as Here (2 Kor. 3:17), wat ons bystaan en ons lei op die pad van heiligmaking, en ons Trooster is in tye wanneer ons lewens woest en leeg is. Hy is die Een wat ons bystaan en help in tye van nood. Hy is die een waarvan Paulus getuig in Romeine 8: 26: "Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie." Dit is Hy wat ons verseker van die beloftes van God en wat ons lei om uit te sien na die dag wanneer ons die nuwe hemel en die nuwe aarde sien, met die nuwe Jerusalem wat uit die hemel neerdaal. Dan sal God self by ons bly en ons, sy volk, sy ewige heerlikheid ervaar.

Sing: Skrifberyming 18-6

Ds. N Boy (Thabazimbi)